Hoofstuk 90 Die Stad / Surah Al-Balad

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Nee, sowaar as wat die stad Mekka bestaan, dit wat julle ongelowiges sê of dink is nie korrek nie,

2. die stad Mekka waarin jy, o Profeet Mohammed, as 'n vry man gaan woon, en waarin jy van enige verpligting as gewone stadsbewoner onthef sal wees en waarin jy vir een dag toegelaat gaan word om te veg,

3. en sowaar as wat Adam die vader is van die kinders wat hy verwek het, waaruit die hele mensdom ontstaan het.

4. Ons het die mens inderdaad geskape om in 'n voortdurende lewenstryd gewikkel te wees, saamgestel uit harde werk, sukkel, frustrasies en uitdagings, wat van geboorte tot die dood net een oorlewingstryd is, en selfs dan moet hy nog gaan rekenskap gee ook in die Hiernamaals en hoop vir die beste.

5. Dink die mens dat niemand mag oor hom het nie?

6. Die mens sê: “Wat ek het en wat ek is, het ek baie hard voor gewerk en baie geld voor betaal: ek is 'n selfgemaakte mens.”

7. Dink die mens dat niemand hom sien nie?

8. Het Ons nie vir die mens twee oë gemaak nie, wat sy hele liggaam beheer en waarmee hy inligting kan inneem nie,

9. en 'n tong, wat 'n magtige instrument is om inligting mee weer te gee en twee lippe om dit te beheer nie,

10. en aan die mens die twee weë van reg en verkeerd, sukses en verwoesting, gewys nie?(K91:8)

11. En tog het die mens nie sy weg kon vind tussen die hindernisse deur op die styl pad van die lewe met sy baie frustrasies, uitdagings en keuses tussen goeie en slegte dade nie,

12. en wat dink julle word versinnebeeld deur die styl lewenspad?

13. Dit behels die doen van goeie dade as keuse tussen die goeie en die slegte, soos die vrystelling van 'n slaaf omdat dit aan 'n mens sy lewe teruggee,

14. of die gee van kos aan iemand op 'n dag wanneer hy honger is,

15. soos die weeskind van 'n familielid,

16. of 'n behoeftige persoon wat in die stof lê,

17. maar dit behels ook dat die mens wat al hierdie goeie dade doen 'n gelowige sal wees, en deel sal wees van die gelowiges wat mekaar aanmoedig om geduld te beoefen deurdat hulle, hulself doelbewus van die slegte weerhou en kies om die goeie te doen en mekaar aanmoedig om genadig te wees deurdat hulle besef hoe ander moet voel en hulself daarvan te weerhou om ander seer te maak, want daar is geen sin daarin dat die mens al hierdie goeie dade doen maar as 'n ongelowige, nie.

18. Daardie mense, die wat goeie dade doen as gelowiges, hulle is die mense van die Regterhand: die boeke waarin hul dade aangeteken is sal in hul regterhand gegee word.

19. En diegene wat Ons verse verwerp, hulle is die mense van die Linkerhand: die boeke waarin hul dade aangeteken is sal in hul linkerhand gegee word.

20. Die Vuur sal op hulle wees, hulle heeltemal omhul en al die uitgange sal toe wees.